Laerskool Klasassistent
Dubbel Medium

Jan Kriel Skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes is op soek na onderwys-studente om te werk as klasassistente in die Grondslagfase of Intermediêre Fase. Verkry waardevolle onderwysondervinding van werk met ‘n wye verskeidenheid van leerders met leergestremdhede soos outisme, disleksie, apraksie, gehoorgestremdheid, ens.

Vereistes:

Besig met onderwysopleiding in die Grondslagfase of Intermediêre Fase is ‘n vereiste. Derde- en vierdejaar student sal voorkeur geniet. Ondervinding van werk met leerders met spesifieke leergestremdhede sal in jou guns tel. Ondersteuning aan leerders en opvoeders soos gevra en volgens die instruksies van die opvoeders sal verwag word. Bereidwilligheid om betrokke te raak by aktiwiteite van die skool wat na-ure plaasvind. Bereidwilligheid om skoonmaak-take te verrig en leerder behulpsaam te wees by die toilet. Moet in ‘n span kan saamwerk, die gesag van die onderwysers respekteer en dissipline kan handhaaf in die afwesigheid van ‘n onderwyser. Kennis van die sportsoorte wat deur Jan Kriel Skool aangebied word, sal voordelig wees. U moet bereid wees om studiediens te doen by die koshuis. Rekenaargeletterdheid sal in u guns tel.

Polisieklaringsertifikaat: **‘n Skoon kriminele rekord is noodsaaklik**

Aard van aanstelling: **Beheerliggaamkontrak**

Belangstellendes kan ‘n volledige CV, gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies, getuigskrifte en kontakbesonderhede van referente per hand by die skool inhandig of pos aan Posbus 17, Kuilsrivier, 7579. Slegs hardekopie aansoeke sal aanvaar word. Dui duidelik aan vir watter pos u aansoek doen.

Sluitingsdatum vir aansoeke: Maandag, 2 November 2020. Laat aansoeke sal nie oorweeg word nie. Korrespondensie sal beperk word tot gekortlyste kandidate.